
LANDBOUWEEKBLAD
13 May 2011, p.40





# Wanneer testament nie jou laaste sê is

Die Suid-Afrikaanse reg beskerm jou vryheid om jou goed te bemaak soos jy wil, maar daar is tog gevalle waar die bepalings in jou testament nie nagekom gaan word soos jy gehoop het nie.

In my vorige rubriek (*LBW* 29 April) het ek geskryf oor testamente en veral daarop klem gelê dat dit die "belangrikste dokument van jou lewe is". Dit is jou laaste sê, was die kernboodskap. Maar wanneer is dit nie?

Jy stel 'n testament op. Dit is jou goed waaroor jy wil beskik. Wat is die kans dat jou wense nie uitgevoer word nie? Kom ons kyk.

In die Suid-Afrikaanse reg word die vryheid om jou goed te bemaak soos jy wil (testeer) bykans onbeperk erken – meer so as in ontwikkelde lande in die Westerse wêreld. Nie net kan jy jou goed bemaak aan wie jy wil nie, jy kan ook enigeen onterf wie jy wil. En jy kan enige bepaling in jou testament verander of terugtrek sonder om enigeen te raadpleeg.

Enige poging om hierdie reg van 'n mens te ontneem, is ongeldig. Só sterk is hierdie beginsel in ons reg gebind dat selfs 'n ooreenkoms wat in lewe aangegaan word met iemand anders om vererwing te reguleer, ongeldig is. Byvoorbeeld, 'n uitgestelde verkoopskontrak in die testament waarvolgens die koper en prys eers by dood bepaal word, sal as 'n beperking van jou testeervryheid beskou word.

En tog, ondanks jou sterk beskerming in die reg is dit nie altyd 'n uitgemaakte saak dat dinge gaan verloop soos jy wou nie. Ek noem enkeles. Dit is nie omvattend nie en na my oordeel die haakplekke wat ek meen meer op boere betrekking het.

Taalgebruik is belangrik. Hoewel die "gewone mens" se betekenis van woorde en sinne redelik maklik aanvaar word, word teruggeval op die standaardreëls van vertolking soos in statute en kontrakte as die betekenis nie duidelik blyk nie. Op die oog af klink dit heel billik en 'n mens kan dit maklik as 'n nietigheid beskou, maar dit kan yslike gevolge hê.

'n Voorbeeld: As die bedoeling van die testateur (oorledene) nie duidelik is nie, moet 'n afleiding gemaak word van wat hy bedoel. In sekere gevalle sal 'n hof moet terugval op regsgrondige vermoedens. Byvoorbeeld, wanneer die hof moet besluit of jou testamentêre bepaling 'n voorwaarde of 'n instruksie behels, sal die vermoede ten gunste van die instruksie wees.

En waar boedelsamesmelting beoog word, maar nie duidelik omskryf word nie, sal die vermoede téén boedelsamesmelting wees. Wat my by 'n verdere punt oor boedelsamesmelting bring. Ek het in my vorige rubriek daarna verwys dat die oorlewende gade die reg het om die testament en boedelsamesmelting te weier. Sou sy (ons aanvaar die man sterf eerste) dit doen, kan jou testament nie uitgevoer word nie, tensy jy daarin reëlings getref het vir so 'n geval. As jy dus boedelsamesmelting beoog, maak seker jou testament sê wat moet gebeur as dit deur die langslewende geweier word.

**Doen dinge van die begin af reg en bly uit die hof.**

En as man en vrou 'n gesamentlike testament opstel en die man skryf byvoorbeeld die testament uit, sal hy nie van sy vrou kan erf nie. Loop dus maar lig vir daardie "teken hier, dit is óns testament".

Ek het hierbo gesê jy kan enigeen onterf. Maar nie altyd jou vrou nie. Sy kan ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) 'n eis vir onderhoud teen jou boedel instel, gelykstaande aan dit waaraan sy gewoond was. Só 'n eis, tesame met die verpligting om vir jou minderjarige kinders te sorg, dra meer gewig as enige bemaking aan enige erfgenaam.

Die Huweliksgoederewet (Wet 88 van 1984) kan eweneens 'n beperking op jou testeervryheid plaas. Byvoorbeeld, as jy buite gemeenskap van goed ingevolge die aanwasbedeling getroud is, kan jou gade 'n eerste reg op 'n groot gedeelte van jou bates hê.

Die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) plaas beperkinge op jou testeervryheid. Sekere mense word byvoorbeeld gediskwalifiseer om te mag erf. Onwettige bepalings is logies, maar die volgende is tog relevant. Iemand, of sy gade, wat as getuie die testament onderteken het, kan nie erf nie. Dit sluit 'n eksekuteur in, want al erf hy dalk nie, baat hy deur sy bereddderingsfooi.

Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970) verbied die onderverdeling van landbougrond, tensy die Minister van Landbou daartoe verlof verleen, en dit beperk die bemaking daarvan aan meerdere erfgename. Hierdie stukkie wetgewing en die toepassing daarvan is egter tans in 'n bietjie van 'n burokratiese gemors ná die mislukte terugtrekking daarvan deur Wet 64 van 1998. 'n Beslissing deur die Grondwethof het die latere wet op ys geplaas en vir eers is die oorspronklike wet nog van krag.

Sekere bepalings wat teen die goeie orde en sedes van die samelewing is, kan ook jou testamentêre wense ongedaan maak. 'n Hof sal egter nie ligtelik daaroor besluit nie.

Die goeie nuus, nadat ek van die strikke uitgewys het, is dat 'n hof wye magte het en in byna elke geval anders kan beslis. My argument is egter altyd: Hoekom nie dinge van die begin af reg doen en uit die hof bly nie? Dit is makliker vir almal en goedkoper.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos: nico@finlac.com.*